

Saterdag 26 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 138

Fokusgedeelte: Psalm 138:4-6

Sangstem in angs

Dawid skryf die Psalm om te bely dat die Here goedertieren is (1953-vertaling, vs 2 en 8). Aan sy goedheid en liefde is daar nie einde nie (vs 8). Die Psalm straal van dankbaarheid te midde van angs. Die psalmis wil ons inspireer om in ons angs en stres juis weg te kyk van onself en op te kyk na die Here.

Die Psalm val uit in drie dele, naamlik: die grote God wat by sy beloftes bly (vs 1-3), gevolg deur God wat Hom ontferm oor die nederige gelowige (vs 4-6), en in die laaste plek die beskerming van sy kinders uit liefde (vs 7-8).

Die klem is op die tweede deel (vs 4-6). Dit sluit aan by die eerste en derde deel. Dit dui daarop dat ons moet bid in ons diepste nood en angs, dat ons 'n lied moet sing in ons angs, 'n sangstem in tye van stres moet hê. God beskerm, Hy bly by sy Woord. Hy hou jou aan die lewe, fisies en geestelik, kragtens Jesus Christus en die Gees. Op Golgota het Hy die angs en spanning oorwin met sy verlatenheid aan die kruis en met die opstanding.

Deur die Gees is ons as gelowiges nooit meer verlate nie. Niemand (ook nie vyande) sal ons kan losruk uit die regterhand van God nie. Alles sal gebeur soos Hy wil. Dit sal goed afloop. Totius som dit mooi op in die Psalmberyming:

As in my angs en teëspoed

Die krag en moed my wil begewe,

As vyande van veglus brand,

Dan keer u hand en red my lewe (Ps. 138-1:4, berymd).

Sing: Psalm 138-1:4

Dr. JJJ Erasmus (Kobus) (Volksrust/Ermelo)